Maandag 10 Augustus
Skrifgedeelte: Spreuke 16:32
Fokusgedeelte: Spreuke 16:32
Geduld en selfbeheersing behou die lewe

In oorlog is dit goed om 'n held by jou te hê wat vreesloos kan veg en vaardig is om 'n stad in te neem. Op jou lewenspad daarenteen, sal jy beter vaar met die hulp van 'n geduldige mens, 'n lankmoedige, wat sy gees kan beheers.

Jesus vra om ons te laat nadink (Matt. 16:26): *Wat sal dit 'n mens dan baat as hy die hele wêreld as wins bekom, maar sy lewe verloor?* Om te lewe en nie die koninkryk van die hemele te beërf nie, is futiel, in Jesus se woorde: om jou lewe te verloor. Wie nie die vrug van die Gees voortbring nie, sal nie daar ingaan nie (Gal. 5).

Die Heilige Gees bewerk ons geloof uit die Woord dat Jesus in sy dood die losprys vir ons lewe is. Die Heilige Gees is die eerste gawe van ons deel hê aan die koninkryk (Rom. 8:15-16, 23; Ef. 1:14). Wie die koninkryk beërf, het onder meer die Geestesvrug van geduld en selfbeheersing.

Geduld en selfbeheersing in jou optrede is 'n onontbeerlike beginpunt vir 'n lewe tot God se eer, natuurlik gepaard met nog ander eienskappe van die Gees. Wees wys en streef na die lewe by God, eerder as die voordele van selfs wêreldwye mag.

*Sing: Psalm 119-1:50, 60; Psalm 19-1:4, 5; Psalm 33-1:8, 9 / 33-2:6, 7; Lied 251:1, 2, 3*

*Ds. J (Jan) Malan (Emeritus)*